



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN  
MEI 2023

**REKENINGKUNDE: VRAESTEL I**

Tyd: 2 uur

200 punte

---

**INLIGTINGSBOEKIE**

---

**VRAAG 1 BATEBESTUUR EN BTW****(53 punte, 32 minute)****VRAAG 1A VOORRAADSTELSELS****(22 punte, 13 minute)****Inligting aangaande Patel's Pies**

Patel's Pies is 'n plaaslike kleinhandelonderneming wat bevrore pasteie koop, dit bak en aan die publiek verkoop. Ná rekordverkope in 2021 van meer as 200 000 pasteie het hulle in nog vrieskaste en oonde belê.

- Die jongste finansiële jaar eindig op 30 September 2022.
- Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel vir alle voorraad.
- Hulle waardeer hul voorraad deur die EIEU- (eerste-in-eerste-uit-) metode te gebruik.

Patel's Pies se verskaffers gee hulle 7 dae om voorraad terug te stuur waarmee hulle nie tevrede is nie.

1. Hieronder is hul voorraadrekords vir die jaar.

	<b>Getal pasteie</b>	<b>Koste per pastei (vraggeld ingesluit )</b>	<b>Totale koste</b>
Beginvoorraad (1 Oktober 2021)	24 000	9	216 000
Aankope gedurende die jaar	111 000		768 000
Desember 2021	41 000	6	246 000
Maart 2022	32 000	8	256 000
Junie 2022	38 000	7	266 000

2. Die volgende inligting is uit die voorraadrekords onttrek:

- Die vraggeld op aankope het 12 sent per pastei beloop.
- Altesaam 2 000 pasteie uit die Maart 2022-aankoop is teruggestuur. Vraggeld was nie terugbetaalbaar op hierdie terugsending nie.
- 1 000 pasteie is weggegooi omdat dit oud geword het.
- 122 000 pasteie is teen R20 elk verkoop.
- Die totale koste van verkope vir die jaar was R890 960.

**VRAAG 1B BTW****(11 punte, 7 minute)****Inligting aangaande Patel's Pies****BTW word teen 15% bereken****Jaareinde 2022**

Die volgende transaksies is uit die rekeningkundige rekords van Patel's Pies onttrek vir die jaar geëindig 30 September 2022:

1. Verkoop 1 100 pasteie vir R23 elk, wat R3 BTW op elke pastei insluit.
2. Koop 'n afleweringsvoertuig vir R184 000 (BTW ingesluit) voor 'n handelskorting van 7½% beding is.
3. Stuur pasteie ter waarde van R16 000 (BTW uitgesluit) aan 'n verskaffer terug. Die krediteur het 'n 10%-hanteringsfooï op die terugsending gehef.
4. 'n Debiteur wat R4 025 verskuldig was, is insolvent verklaar. Sy boedel het 60c in die rand betaal. Die res moet afgeskryf word.

**VRAAG 1C VASTE BATES****(20 punte, 12 minute)****Inligting aangaande Patel's Pies**

1. Saldo's op 1 Oktober 2021 onttrek:

Toerusting	R1 740 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	R651 000
2. Die volgende transaksies hou verband met die toerusting vir die jaar geëindig 30 September 2022:
  - (a) Op 31 Januarie 2022 het 'n oond wat R460 000 gekos het, aan die brand geslaan en dit is vernietig. Die opgehoopte waardevermindering op die oond op 1 Oktober 2021 was R138 000.
  - (b) Die oond is op 1 Februarie 2022 met 'n nuwe een vervang wat op rekening gekoop is.
  - (c) Waardevermindering word bereken teen 18% p.j. deur die verminderende-saldo-metode te gebruik.

**VRAAG 2****MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(68 punte, 40 minute)****Inligting aangaande Lamola Beperk**

Lamola Beperk is 'n Suid-Afrikaans genoteerde maatskappy wat in die voedsel-en-drink-sektor spesialiseer. Hulle het gemagtigde aandelekapitaal van 5 000 000 gewone aandele. Lamola Beperk het onlangs 'n massiewe uitbreiding ondergaan wat betref die getal kleinhandelsafsetpunte wat hulle besit.

Hul normale winsgrens op goedere is 100% op kosprys. Hul jongste finansiële jaareinde is 28 Februarie 2022.

- Saldo's onttrek uit die vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022

<b>Balansstaatafdeling</b>	
Gewone aandelekapitaal (1 Maart 2021)	R23 800 000
Behoue inkomste (1 Maart 2021)	R6 580 000
Handelsvoorraad	R8 532 000
Debiteurekontrole	R5 126 400
Voorsiening vir oninbare skuld	R96 000
SAID: Inkomstebelasting	R1 462 000 (dt)
Krediteurekontrole	R9 659 000

**Transaksies rakende aandele, dividende en belasting wat opgeteken is:**

1 Maart 2021

Geen bedrae is uitstaande ten opsigte van SAID vir inkomstebelasting nie.

31 Mei 2021

Geen verandering is sedert die einde van verlede jaar aan die aandelekapitaal gemaak nie. Die maatskappy het 'n totaal van R560 000 as die tussentydse dividend van 16 sent per aandeel betaal.

31 Augustus 2021

Reik 700 000 aandele uit teen R11,00 elk.

31 Januarie 2022

Die maatskappy koop 100 000 aandele teen R10,50 uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer terug.

28 Februarie 2022

'n Finale dividend van 21 sent per aandeel is op die uitgereikte aandele verklaar.

**Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in ag geneem moet word:**

1. 'n Spesiale versekeringspolis is uitgeneem en die premie van R12 900 is op 1 Januarie 2022 betaal. Dit is om die nuwe winkels vir ses maande te dek.
2. Twee direkteure moet elk nog R20 000 as direkteursgelde ontvang. Een van hierdie direkteure het voorraad ter waarde van R7 000 geneem en gevra dat dit met sy direkteursgelde verreken word.
3. 'n Debiteur het goedere teruggestuur wat R8 400 gekos het, aangesien dit nie volgens spesifikasie was nie. Die debiteur het 'n handelskorting ontvang en slegs R15 960 betaal.
4. 'n Afleweringsvoertuigongeluk het daartoe gelei dat voorraad wat R21 000 gekos het, beskadig is. Die voorraad is aan werknemers verkoop vir kontant teen “kosprys plus 20%”.
5. Die jaarlikse fisiese voorraadopname het getoon dat die volgende voorhande is:
  - Handelsvoorraad        R8 489 800
  - Skryfbehoeftes         R14 500
6. 'n Klant het haar rekening met R3 000 oorbetaal. Aangesien sy die kantoor ook van drukpapier voorsien, het sy gevra dat die oorbetaling na haar krediteurerekening oorgedra word.
7. Voorsiening vir oninbare skuld moet met R7 200 verminder word.
8. Een van die winkeleiendomme is op 1 Junie 2021 aan 'n sportgoederewinkel uitverhuur. 'n Deposito van R10 000 is ontvang en verkeerdelik op die huurinkomsterekening gekrediteer. Die huur is een maand vooruitontvang en is op 1 Januarie 2022 met R800 per maand verhoog.
9. Die leningstaat dui die volgende aan:
 

Saldo op 1 Maart 2021	R2 750 000
Terugbetalings, rente ingesluit	R577 500
Bykomende lening	R1 500 000
Saldo op 28 Februarie 2022	R3 975 000

Rente op die lening word gekapitaliseer. Die jaarlikse terugbetaling is vir 2022 tot R425 000 verhoog.

**VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE****(44 punte, 27 minute)****Inligting aangaande Makatu Masjiene Bpk**

Makatu Masjiene Bpk is 'n Suid-Afrikaans genoteerde maatskappy met gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 aandele. Hulle dryf handel in huishoudelike en industriële gereedskap en masjiene. Hulle verskaf hoofsaaklik aan die kleinhandelsmark, maar het wel 'n fabriekswinkel wat aan die publiek verkoop.

1. Uittreksel uit die staat van finansiële posisie (balansstaat) soos op:

	<b>28 Februarie 2022</b>	<b>28 Februarie 2021</b>
Vaste bates (teen drawaarde)	R4 613 500	R2 680 000
Lening: Nizole Bank (8% p.j.)	R1 080 000	R1 350 000
Handelsvoorraad	?	R1 164 000
Debiteurekontrole	R665 000	R850 000
SAID (Inkomstebelasting)	R41 200 (kt)	R36 800 (dt)
Opgelope inkomste (huurinkomste)	R72 600	R66 000
Opgelope uitgawes (rente op lening)	R9 000	R7 200
Aandeelhouders vir dividende	R168 000	R192 000

2. Bykomende inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:

**2.1 Wins**

- Die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 het getoon dat die belasting op die netto wins R589 500 beloop het. Die maatskappybelastingkoers is 30%.

**2.2 Vaste bates**

- Bykomende grond en geboue is gedurende die jaar gekoop.
- Gedurende die jaar het die maatskappy ou afleweringsvoertuie vir R495 000 verkoop; dit het tot 'n wins van R12 000 op die verkoop van die bate gelei.
- Waardevermindering op alle voertuie en toerusting het R256 500 beloop.

**2.3 Lening**

- Rente op die lening word nie gekapitaliseer nie. Geen nuwe lenings is gedurende die jaar aangegaan nie. Die leningsterugbetaling is op 1 Augustus 2021 gedoen.

**2.4 Voorraad**

- Verkope het R28 700 000 beloop en die koste van verkope het R16 400 000 beloop.
- Die voorraadomsigting was 12,5 keer per jaar.

- 2.5 Die beweging van **bedrae betaalbaar** het tot 'n uitvloeï van kontant van R342 000 gelei.

**2.6 Aandele en dividende**

- Etlike aandele is gedurende die jaar uitgereik en geen aandele is teruggekoop nie.
- Totale dividende (verklaar en betaal) vir die jaar het R416 000 beloop.

**VRAAG 4                      VERVAARDIGING****(35 punte, 21 minute)****Inligting aangaande Roxy's Racing**

- Roxy's Racing is 'n vervaardigingsmaatskappy wat aërodinamiese klere wat in 'n verskeidenheid van mededingende sportsoorte gebruik word vervaardig en verkoop.
- Hulle besit 'n eiendom van 1 500 m<sup>2</sup> waarvan 1 000 m<sup>2</sup> aan die fabriek toegedeel is en die res aan die kantore en verkoopsdepartement.
- Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie elke jaar.

1. Die volgende saldo's is uit hul finansiële rekords onttrek:

	<b>2022</b>	<b>2021</b>
Direkte materiaal (grondstowwe)	R730 000	R670 000
Goedere-in-bewerking	R718 000	R524 000
Klaarprodukte	?	R1 908 000
Indirekte materiaal	R16 000	R21 000
Fabriekstoerusting	R1 400 000	R1 400 000
Opgehoopte waardevermindering op fabrieks-toerusting	R945 000	R735 000

2. **Direkte en indirekte materiaal**

- (a) Grondstowwe ter waarde van R1 580 000 is gedurende die jaar gekoop.

- (b) Die volgende faktuur vir grondstowwe is nie opgeteken nie:

EVA Elastic Buttercupsingel 24, Edenvale, JHB Reg: 2015/4590/64	
200 m Spandex Super Brand	R26 000
Afleweringkoste	R500

- (c) Bogenoemde faktuur is nie opgeteken nie, aangesien 50 m van die spandeks aan die verskaffer teruggestuur is omdat dit nie volgens spesifikasie was nie. Daar is geen terugbetaling op die afleweringkoste nie.

- (d) Die vervoer van goedere word aan Tyla Trucks uitgekонтрактеer. 'n Opsomming van hul state weerspieël die volgende:

- (i) Aflewering van grondstowwe by die fabriek, R31 000

- (ii) Aflewering van klaarprodukte by die klante, R19 000

- (e) Alle indirekte materiaal word aan die produksieproses toegedeel. Indirekte materiaal wat in die jaar gekoop is, beloop R47 000.

3. **Arbeid**

- (a) Die besonderhede van die fabrieksbestuurder se salaris is soos volg:

<b>Maandelikse verdienste</b>	<b>Maandelikse aftrekkings</b>
R60 000	Mediese fonds R5 000 LBS 26%
<b>Maatskappybydraes</b>	0,5:1 vir mediese fondsaftrekkings

Hy is ook geregtig op 'n 13de tjeek in Desember elke jaar.

- (b) Die fabriek het vyf werkers in diens wat elkeen 'n netto loon van R179 376 per jaar huis toe neem. Dit is nadat 'n totaal van 26% vir LBS en WVF afgetrek is. Daar is geen maatskappybydraes vir fabriekswerkers nie.

#### 4. Algemene uitgawes

- (a) Die volgende totale is uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2022 onttrek:

Huuruitgawe	R234 000
Versekering	R45 100
Water en elektrisiteit	R60 000

- (b) Huur word een maand vooruitbetaal en word toegedeel volgens die vloer-spasie wat deur elke departement opgeneem word.
- (c) Die fabriek gebruik 85% van die water en elektrisiteit.
- (d) Die versekering vir Februarie 2022 is nog verskuldig. Die versekering word soos volg toegedeel: Die verhouding Fabriek : Administratiewe kantore : Verkoopsdepartement is 3 : 1 : 2. Versekeringspremies het onveranderd gebly vir die jaar.
- (e) Geen fabriekstoerusting is gedurende die jaar gekoop of verkoop nie.
- (f) 'n Bedrag van R23 800 is aan die administratiewe kantore toegedeel as die jaarlikse toedeling van die Wi-Fi-koste. **Dit maak 70% van die totale koste uit.** Die fabriek is verantwoordelik vir 10% van die Wi-Fi-koste, met die verkoopsdepartement wat vir die res verantwoordelik is.

#### 5. Klaarprodukte

- (a) Totale verkope vir die jaar het R9 400 000 beloop.
- (b) 'n Winsgrens van 150% op kosprys word op alle klerasie-items gebruik.